
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2025

# REKENINGKUNDE V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

*JACCNA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye, insluitend 'n formuleblad en 'n 9-bladsy antwoordeboek.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



HOU HIERDIE BLADSY OOP.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ŉ Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| 1 | Rekonsiliasies en Interne Beheer | 35 | 30 |
| 2 | Kosterekeningkunde | 45 | 35 |
| 3 | Voorraad | 35 | 25 |
| 4 | Vaste Bates en Probleemoplossing | 35 | 30 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: REKONSILIASIES EN INTERNE BEHEER (35 punte; 30 minute)

### 1.1 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING

**GEVRA:**

1.1.1 Verduidelik EEN punt om te wys waarom ŉ debiteure-ouderdomsontleding ŉ belangrike interne beheermaatreël is vir enige besigheid wat op krediet verkoop. (2)

1.1.2 Verwys na **Inligting B** en verduidelik TWEE probleme wat deur die debiteure-ouderdomsontleding uitgewys is. Verskaf name en syfers in jou antwoord. (6)

**INLIGTING:**

**A.** Debiteure word 30 dae krediet toegestaan.

**B. Debiteure-ouderdomsontleding op 31 Mei 2025:**

| DEBITEURE | KREDIET LIMIET | TOTAAL VER-SKULDIG | LOPEND | 30 DAE | 60 DAE | 90 DAE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| R Bouwer | 14 000 | 12 000 | 6 200 | 5 800 | | |
| W Holtz | 7 000 | 8 400 | 7 600 | 800 | | |
| R Jansen | 14 000 | 2 900 | 1 000 | | | 1 900 |
| E Peens | 36 000 | 35 000 | 14 050 | 9 725 | 6 595 | 4 630 |
| D Rootman | 7 000 | 7 000 | 3 800 | | 3 200 | |
| | | 65 300 | 32 650 | 16 325 | 9 795 | 6 530 |
| | | 100% | 50% | 25% | 15% | 10% |

### 1.2 DEBITEUREREKONSILIASIE

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Thomson Handelaars vir April 2025. Die boekhouer het opgemerk dat die saldo van die Debiteurekontrolerekening nie met die totale van die Debiteurelys ooreenstem nie.

**GEVRA:**

Bereken die korrekte saldo van die Debiteurekontrolerekening en die korrekte totale van die Debiteurelys op 30 April 2025. Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK en toon ŉ bedrag met "+", "-" of "geen inskrywing" vir elke fout of weglating wat opgespoor word. (17)

**INLIGTING:**

**A.** Saldo van die Debiteurekontrolerekening op 30 April 2025, R65 600.
Totaal van die Debiteurelys op 30 April 2025, R67 790.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**B.** Foute en weglatings opgespoor:

(i) ŉ Debiteur met ŉ saldo van R2 500 is uit die Debiteurelys weggelaat.

(ii) ŉ EFO-betaling van R1 200 om ŉ rekening van R1 300 te vereffen is deur ŉ debiteur gemaak en dit is korrek in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken. Die transaksie is nie na sy rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek nie.

(iii) Die totaal van die Debiteurejoernaal is met R1 800 te min bereken.

(iv) Geen inskrywing is gemaak vir goedere wat deur ŉ debiteur teruggebring is nie, R2 700.

(v) Rente van R125 is op die agterstallige rekening van ŉ debiteur gehef. Dit is in die Algemene Joernaal as R125 aangeteken, maar dit is na die debiteur se rekening as R215 oorgeboek.

(vi) Handelsvoorraad deur ŉ debiteur teruggebring, R1 200, is na die verkeerde kant van sy rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

(vii) Thomson Handelaars koop van en verkoop goedere aan Sprong Dienste. Sprong Dienste het versoek dat sy kredietsaldo van R2 500 in die Krediteuregrootboek, oorgedra moet word na sy rekening in die Debiteuregrootboek.

(viii) ŉ Faktuur vir kredietverkope aan Le Vack Dienste is na die rekening van La Grange Goedere oorgeboek, R3 500.

(ix) ŉ Faktuur vir kredietverkope, R4 200, is as R2 400 in die Debiteurejoernaal ingeskryf.

(x) Die agterstallige rekening van ŉ debiteur, R900, moet as oninbare skuld afgeskryf word. Alhoewel nog geen inskrywing vir die oninbare skuld gemaak is nie, verskyn die debiteur se saldo nie in die Debiteurelys nie.

1.3 **KREDITEURE**

**INLIGTING:**
Makanda Handelaars koop goedere van Gqeberha Dienste.

**GEVRA:**

Makanda Handelaars is nie heeltemal tevrede met die kwaliteit van goedere wat van Gqeberha Dienste ontvang word nie.

Noem TWEE faktore om te oorweeg voordat hulle van verskaffer verander. (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 **BANKREKONSILIASIE**

Die volgende inligting handel oor Meyer Handelaars vir Januarie 2025.

**GEVRA:**

Stel die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Januarie 2025 op. (6)

**INLIGTING:**

**A.** Saldo op die bankstaat soos ontvang van EC Bank, R53 900 (kt.).

**B.** Addisionele inligting om in ag te neem:

(i) Items in die Kontantjoernale vir Januarie 2025 wat nie op die Bankstaat vir Januarie 2025 verskyn nie:
- ʼn Deposito van R38 250 wat op 31 Januarie 2025 gemaak is
- EFO 675, R5 400

(ii) Twee foute is op die bankstaat geïdentifiseer en EC Bank het beloof om hierdie inskrywings in Februarie 2025 reg te stel.
- EFO Nr. 687 is in die Kontantbetalingsjoernaal korrek as R9 860 ingeskryf, maar verskyn as R8 960 op die bankstaat.
- ʼn Betaling vir ʼn vreemde debietorder vir R2 500 verskyn op die bankstaat.

(iii) Die saldo van die bankrekening is?

**35**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



HOU HIERDIE BLADSY OOP.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE** **(45 punte; 35 minute)**

2.1 Identifiseer EEN kostekategorie vir elk van die volgende beskrywings deur die beste opsie uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die kostekategorie langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| administrasiekoste; direkte arbeidskoste; direkte materiaalkoste; fabrieksbokoste; verkoops- en verspreidingskoste |

2.1.1 Koste van advertensieveldtog

2.1.2 Koste van materiaal in produksieproses gebruik

2.1.3 Huur van fabriek

2.1.4 Salarisse van kantoorpersoneel (4)

2.2 **HERMS VERVAARDIGERS**

Jy word voorsien van inligting rakende Herms Vervaardigers vir die jaar geëindig 30 April 2025. Hulle vervaardig een soort rekenaarsak.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die volgende kostes:
- Direkte materiaalkoste (6)
- Direkte arbeidskoste (6)
- Fabrieksbokoste (7)

2.2.2 Stel die Produksiekostestaat op. (9)

2.2.3 Bereken die gelykbreekpunt vir 2025. (6)

Verduidelik of die eienaar bekommerd moet wees of nie, oor die resultate. Verskaf syfers in jou verduideliking. (3)

2.2.4 Verduidelik die verskil tussen *vaste* en *veranderlike koste*. (2)

2.2.5 Verduidelik die term *"ekonomie van skaal"* in terme van vaste koste. (2)

**INLIGTING:**

**A. Voorraad voorhande:**

| | 30 April 2025 | 1 Mei 2024 |
|---|---|---|
| Grondstof | 183 100 | 260 500 |
| Goedere-in-bewerking voorraad | ? | 75 200 |

**B.** Grondstof gedurende die finansiële jaar aangekoop, R1 500 600.
Vraggeld betaal op grondstowwe aangekoop, R89 000.
Grondstof aan verskaffers teruggestuur, R13 700.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**C. Lone vir werkers betrokke in produksie:**

| | |
|---|---|
| Aantal werkers | 9 |
| Gewone/basiese loon | R60 per uur |
| Gewone ure per werker gewerk | 1 950 |
| Oortydloon | 1½ keer gewone loon per uur |
| Totale oortyd ure | 150 |
| Aftrekkings | 12% van basiese loon |
| Werkgewersbydrae | 10% van basiese loon |

**D. Fabrieksbokoste:**

Die fabrieksbokoste is as R530 200 bereken, maar die volgende foute en weglatings is ontdek:

- R60 000 vir huur is ingesluit. Huur is toegedeel as 3 : 2 : 1. Huur behoort as 6 : 2 : 2 toegedeel te word, met die fabriek wat altyd die grootste deel van die huuruitgawe dra.
- Die hele uitgawe vir water en elektrisiteit, R240 800 is ingesluit as deel van fabrieksbokoste. Die fabriek dra slegs 80% van hierdie uitgawe.
- Versekering vir die jaar is R85 000 en is by fabrieksbokoste uitgelaat. Die fabriek dra 70% van hierdie uitgawe.

**E. Addisionele inligting:**

- 3 820 rekenaarsakke is teen 'n koste van R900 elk vervaardig en is teen 'n wins van 50% op kosprys verkoop.
- Totale vaste koste beloop R1 008 000 en totale veranderlike koste beloop R3 629 000.

**45**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: VOORRAAD (35 punte; 25 minute)

### 3.1 BEGRIPPE

Pas die konsepte in KOLOM B by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Metode beste geskik vir duur, individueel herkenbare items | A | Eerste-in-eerste-uit |
| 3.1.2 | Ouer voorraad word eerste verkoop | B | Periodieke stelsel |
| 3.1.3 | Totale koste van beskikbare goedere word gedeel deur die aantal eenhede beskikbaar | C | Deurlopende stelsel |
| 3.1.4 | Kosprys word by verkooppunt bereken | D | Spesifieke identifikasie |
| | | E | Geweegdegemiddelde |

(4)

### 3.2 VOORRAADWAARDASIE

Jy word voorsien van inligting rakende Rabada Batters, wat deur Rabada King besit word. Die besigheid verkoop kriekettoerusting. Rabada Batters gebruik die **periodieke voorraadstelsel** en die **geweegdegemiddelde-metode** om hul krieketkolwe (wat 95% van hul besigheid is) in voorraad te waardeer. Die finansiële jaar het 28 Februarie 2025 geëindig.

**GEVRA:**

3.2.1 Bereken die eenheidsprys van die krieketkolwe op 1 Maart 2024. (2)

3.2.2 Bereken die waarde van voorraad voorhande op 28 Februarie 2025. (8)

3.2.3 Bereken die bruto wins op 28 Februarie 2025. (6)

3.2.4 Bereken hoeveel **dae** dit behoort te neem om die eindvoorraad van krieketkolwe te verkoop. Gebruik die **eindvoorraad** in jou berekening. Hou in gedagte dat die voorraadhoudingsperiode vir 2024, 34 dae was en lewer kortliks kommentaar op jou antwoord. (5)

3.2.5 Rabada vermoed dat sommige van die krieketkolwe gedurende die jaar gesteel is. Verskaf 'n berekening om sy kommer te ondersteun. Gee TWEE punte van advies aan Rabada om hierdie situasie te verbeter. (8)

3.2.6 Rabada Batters verkoop ook kriekethemde en gebruik die eerste-in-eerste-uit-metode om hul kriekethemde in voorraad te waardeer. Verduidelik EEN rede waarom die besigheid verskillende metodes gebruik om hul voorraad te waardeer. (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's van krieketkolwe:**

| | Eenhede | Eenheidsprys | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1 Maart 2024 | 700 | ? | R1 050 000 |
| 28 Februarie 2025 | 930 | ? | ? |

**B. Aankope, terugsendings en vraggeld:**

| | Eenhede | Eenheidsprys | Totale bedrag |
|---|---|---|---|
| **Aankope:** | | | |
| Mei 2024 | 2 200 | R1 600 | R3 520 000 |
| September 2024 | 1 900 | R1 800 | R3 420 000 |
| November 2024 | 1 300 | R2 500 | R3 250 000 |
| Februarie 2025 | 900 | R2 650 | R2 385 000 |
| | 6 300 | | R12 575 000 |
| **Terugsendings:** | | | |
| Van Septemeber 2024 | (10) | | ? |
| Van Februarie 2025 | (40) | | ? |

**Vraggeld op aankope:**
- Totale vraggeld op aankope vir die jaar is R218 300.
- Geen terugbetaling vir vraggeld op teruggestuurde goedere is ontvang nie.

**C. Verkope:**

6 050 krieketkolwe is teen R3 200 elk verkoop.

**35**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: VASTE BATES EN PROBLEEMOPLOSSING (35 punte; 30 minute)

### 4.1 VASTE BATES

Die inligting handel oor Govender Bpk. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2025 geëindig.

**GEVRA:**

4.1.1 Bereken die drawaarde van grond en geboue op 1 Maart 2024. (2)

4.1.2 ŉ Gebou wat net so groot is en in dieselfde omgewing as die maatskappy se gebou is, is onlangs teen R10 000 000 verkoop. Die hoof-uitvoerende beampte het die interne ouditeur versoek om die maatskappy se geboue teen R8 000 000 te herwaardeer.
Verduidelik waarom die interne ouditeur ŉ probleem met hierdie versoek het. Verwys na ŉ AARP-beginsel in jou verduideliking. (3)

4.1.3 Bereken die totale waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (6)

4.1.4 Bereken die totale opgehoopte waardevermindering op toerusting wat op 31 Oktober 2024 verkoop is. (6)

4.1.5 Stel die Bateverkoperekening op 31 Oktober 2024 op. (5)

4.1.6 ŉ Werknemer wou die ou toerusting gekoop het en was uiters ontevrede toe hy hoor dat die toerusting aan een van die direkteure verkoop is. Lewer kommentaar op hierdie situasie. (4)

**INLIGTING:**

**A. Saldo's:**

| | 28 Februarie 2025 | 1 Maart 2024 |
|---|---|---|
| Grond en geboue | 5 100 000 | ? |
| Voertuie | 1 440 000 | 700 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | ? | 680 000 |
| Toerusting | 870 000 | 750 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | |

**B. Addisionele inligting:**

(i) Toevoegings ter waarde van R860 000 is gedurende die jaar aan die geboue gedoen. Dit is korrek aangeteken toe die toevoegings gedoen is.

(ii) Op 28 Februarie 2025 het die maatskappy twee voertuie gehad. Die tweede voertuig is op 1 November 2024 aangekoop en behoorlik in die boeke ingeskryf.

(iii) Voertuie word teen 15% p.j. op kosprys verminder.

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



(iv) Nuwe toerusting ter waarde R150 000 is op 1 Desember 2024 aangekoop en korrek ingeskryf.
Op 31 Oktober 2024 is ou toerusting vir R5 000 kontant aan een van die direkteure verkoop. Hierdie toerusting is op 1 Maart 2022 teen 'n koste van R30 000 aangekoop.

(v) Waardevermindering op toerusting word teen 10% p.j. op drawaarde bereken.

4.2 **PROBLEEMOPLOSSING**

Easy Rides verkoop elektriese fietse van drie verskillende winkels in die Oos-Londen-area. Elke winkel het sy eie bestuurder. Die tabel hieronder toon die syfers vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2025.

**GEVRA:**

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke winkel en haal syfers in die identifisering van elke probleem aan.
Verskaf EEN punt van advies om elke probleem wat geïdentifiseer is, op te los. (9)

**INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2025:**

| | **Vincent** | **Cambridge** | **Selborne** |
|---|---|---|---|
| Aantal e-fietse beskikbaar vir verkope | 550 | 450 | 380 |
| Aantal bestellings ontvang | 150 | 400 | 500 |
| Aantal e-fietse verkoop | 150 | 400 | 380 |
| Aantal e-fietse teruggestuur vir herstelwerk | 1 | 10 | 2 |
| Eindvoorraad | 400 | 50 | 0 |
| Verkoopprys per e-fiets | R16 150 | R14 250 | R15 200 |
| Winsopslagpersentasie | 70% | 50% | 60% |
| Kontant van klante gedeponeer | R2 422 500 | R5 415 000 | R5 776 000 |

**35**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedrysuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryswins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates : Totale laste | Bedrysbates : Bedryslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste | Niebedryfslaste : Aandeelhouersbelang |
| (Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (*Sien nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ (*Sien nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien 3 nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**
1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in die vraag vereis word.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African